’N TYD VIR ALLES REEKS

Prediker 3:1–8






’n Tyd vir alles
1Daar is ’n vaste tyd vir alles,
elke ding onder die son
het sy tyd:
2’n Tyd om gebore te word
en ’n tyd om te sterf.
’n Tyd om te plant
en ’n tyd om uit te ruk
wat geplant is.
3’n Tyd om dood te maak
en ’n tyd om gesond te maak.
’n Tyd om af te breek
en ’n tyd om op te bou.
4’n Tyd om te huil
en ’n tyd om te lag.
’n Tyd om te treur
en ’n tyd
om van vreugde te dans.
5’n Tyd om jou saad te saai
en ’n tyd
om jou saad terug te hou.
’n Tyd om te omhels
en ’n tyd om weg te bly
van omhelsing.
6’n Tyd om te soek
en ’n tyd om te verloor.
’n Tyd om op te pas
en ’n tyd om weg te gooi.
7’n Tyd om te skeur
en ’n tyd om vas te werk.
’n Tyd om stil te bly
en ’n tyd om te praat.
8’n Tyd om lief te hê
en ’n tyd om te haat.
’n Tyd vir oorlog
en ’n tyd vir vrede.













LES #1



'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1-8



**1 DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES,
ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD**

'N TYD OM GEBORE TE WORD EN 'N TYD OM TE STERF

Salomo het in Prediker geskryf dat God alles op die regte tyd laat gebeur.
Daar is 'n vaste tyd vir alles onder die son.
God het 'n "groot horlosie" vir die wêreld.
Die belangrikste twee tye op daardie horlosie was die dag toe Jesus gebore is en die dag toe Jesus gesterf het.

'n Tyd om gebore te word:

Jesus het nie sommer net per ongeluk gekom nie. Op die perfekte tyd het God Hom gestuur as 'n babatjie in 'n krip. Sy geboorte het vir ons hoop gebring!

'n Tyd om te sterf:

Dit klink hartseer, maar Jesus se dood aan die kruis was die belangrikste oomblik in die geskiedenis. Omdat Hy gesterf het, en weer opgestaan het!, het die hele wêreld verander. Sy dood het die pad na God oopgemaak.

Net soos Jesus se lewe 'n spesiale tydsberekening gehad het, is jou lewe ook in God se hande. Hy weet presies wat jy vandag nodig het.

IN MY BOKS





**Soms voel dit asof tyd te vinnig gaan, of asof ons moet wag vir goeie dinge om te gebeur. Prediker 3:2 leer ons dat ons nie hoef te jaag of bang te wees nie. God is in beheer van die "begin" en die "einde."
Net soos Jesus se geboorte en dood die wêreld gered het, gebruik God elke seisoen in jou lewe om iets goed te doen.**

DIE LES:
Alles gebeur op God se tyd. Jy is hier met 'n doel, want God het gekies dat dit nou jou tyd is om te lewe en Sy liefde te deel!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Hoekom dink jy het Jesus as 'n babatjie gekom en nie as 'n groot koning op 'n perd nie?

Omdat dit God se plan was om tussen ons te kom woon en te wys Hy verstaan hoe dit voel om klein te wees.

Wat het verander in die wêreld nadat Jesus gesterf het?

Jesus het die mag van die sonde kom breek en ons verhouding met God kom Herstel!

Is dit maklik om te wag op God se tyd?

Nee, maar ons kan rus omdat ons weet Sy tydsberekening is altyd perfek.

Hoe weet ons God het 'n plan met ons tyd op aarde?

Want Hy het vir Jesus op die regte tyd gestuur, en Hy belowe om ons nooit te verlaat nie.

Bevestiging!

**"Liewe Here,
dankie dat my lewe in U hande is.
Dankie vir Jesus se geboorte wat vir my hoop gee, en Sy dood wat vir my vryheid gebring het. Help my om te vertrou dat U tyd altyd die beste is.
Amen."**

EK IS DEEL VAN GOD SE GROOT PLAN!

AKTIWITEIT

Verf jou eie horlosie, met Waterballon verf!

Maak 'n waterballon vas aan 'n tou, doop dit in verskillende kleure verf, en druk dit teen jou Horlosie papierbord, om dit te verf.





ONTHOU VERS

**PREDIKER 3:1 & 11
"DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES... GOD HET ELKE DING GEMAAK DAT DIT PAS IN 'N SPESIFIEKE TYD."**

BYBEL BYT

Het jy geweet? Die boek Prediker is deur Koning Salomo geskryf, die wysste man wat ooit geleef het.
Hy het besef dat rykdom en slimheid nie so belangrik is soos om te verstaan dat God in beheer van tyd is nie. Wanneer ons dit besef, hoef ons nooit weer bekommerd te wees oor die toekoms nie!



'N TYD VIR ALLES



J	G	B	L	U	F	D	D	G	X	G	Y	S	A	W	A
E	Z	M	D	K	N	C	S	E	D	N	O	K	E	S	E
P	J	T	I	W	Z	W	T	I	L	B	P	Y	B	E	R
Z	T	P	L	K	X	Q	G	L	A	F	M	K	P	N	O
P	U	I	M	B	U	G	M	R	U	U	A	R	V	E	B
R	B	Q	R	M	B	B	K	A	I	G	H	C	S	G	E
E	T	Y	U	X	M	A	X	Q	D	E	O	O	P	V	G
D	J	Y	F	S	S	D	D	P	Y	S	R	Q	K	C	B
I	M	Q	M	U	K	Y	T	P	N	I	L	I	U	V	V
K	R	I	S	N	L	T	U	U	T	B	O	D	O	A	W
E	B	E	N	B	N	K	E	T	P	A	S	T	W	S	E
R	J	D	D	U	F	Z	Q	O	O	N	I	F	J	O	F
M	S	M	A	F	T	Z	J	D	D	H	E	A	X	G	R
F	E	X	Q	H	E	E	J	L	A	L	N	Z	W	D	E
E	P	E	J	T	B	I	H	C	B	W	L	U	A	V	T
X	J	A	V	S	U	X	A	G	U	T	W	H	W	I	S

PREDIKER
HORLOSIE
SEKONDES



UUR
TYD
STERF




GEBORE
MINUTE
JESUS


'N TYD OM GEBORE TE WORD



Psalm 139:16

"U oë het my al gesien toe ek nog ongebore was; al my lewensdae was in u boek opgeteken nog voordat daar een van hulle was."


Naam
Verjaarsdag Datum


Naam
Verjaarsdag Datum

LES #2



'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1–8



**DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES,
ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD**

'N TYD OM STIL TE BLY EN 'N TYD OM TE PRAAT

In Prediker 3:7 leer Salomo ons dat wysheid beteken om te weet wanneer om jou mond te hou, en wanneer om dapper te praat. **Koningin Ester** se storie is die perfekte voorbeeld hiervan. God het haar op die **regte tyd** op die **regte plek** gesit om 'n hele volk te red.

'n Tyd om stil te bly: Toe Ester die eerste keer koningin geword het, het sy nie vir almal vertel dat sy 'n Jood was nie. Haar oom Mordegai het gesê dit was nog nie die tyd nie. Sy was geduldig en het gewag op God se leiding.

Soms is dit goed om **eers te luister en te bid** voordat ons praat.

'n Tyd om te praat: Daar het 'n baie moeilike tyd gekom toe 'n man met die naam Haman 'n plan gemaak het om al die Jode dood te maak. Mordegai het vir Ester gesê:
"Miskien is dit juis vir 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" Ester 4:14.
Ester moes kies: Gaan sy stilbly om haarself te red, of gaan sy praat om haar volk te red?
Sy was **braaf**, het vas en gebid, en toe na die koning gegaan om die waarheid te praat.
Haar woorde het haar volk gered!

God het jou ook gekies om vandag hier te wees. Hy het vir jou 'n stem gegee. Soms gebruik Hy jou stilte om te leer, maar daar sal tye wees waar Hy wil hê jy **moet opstaan vir wat reg is.**

IN MY BOKS

**Soms voel ons te klein of te bang om iets te sê.
Ons dink: "Wie gaan na my luister?" Maar onthou, Ester was ook bang. Sy het selfs gesê: "As ek doodgaan, dan is gaan ek dood."
Sy het geweet dat God se tydsberekening belangriker is as haar vrees.
God gebruik kinders om 'n verskil te maak! Jy is nie per ongeluk nou in jou skool of in jou gesin nie. Jy is daar "vir 'n tyd soos hierdie."**

**DIE LES:
Wysheid is om te weet wanneer om stil te bly sodat jy God kan hoor, en om dapper genoeg te wees om te praat wanneer God sê: "Nou is die tyd!"**

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Hoekom dink jy was dit belangrik vir Ester om eers te vas en te bid voordat sy met die koning gaan praat het?

Wanneer is dit 'n goeie tyd om stil te bly?

Wanneer is dit 'n tyd om te praat?

Wat beteken dit dat jy gekies is vir "'n tyd soos hierdie"?

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U my stem ken. Help my om die wysheid te hê om te weet wanneer om stil te bly en te luister. Gee my die moed van Ester om te praat wanneer ek 'n verskil kan maak. Ek glo dat U my gekies het vir 'n tyd soos hierdie. Amen."

EK IS GEKIES VIR 'N TYD SOOS HIERDIE!

AKTIWITEIT

Maak jou eie megafoon!

Kleur die templaat in en versier die megafoon, knip dit mooi uit, vou om en plak!



ONTHOU VERS

PREDIKER 3:7 "DAAR IS 'N TYD OM STIL TE BLY EN 'N TYD OM TE PRAAT."




BYBEL BYT

Het jy geweet?

Die naam van God word nie een keer in die hele boek van Ester genoem nie! Maar as jy die storie lees, kan jy duidelik sien hoe Hy agter die skerms gewerk het om alles op die regte tyd te laat gebeur. Dit leer ons dat selfs as ons God nie "sien" of "hoor" nie, Hy steeds in beheer is van ons tyd.

MAAK JOU EIE MEGAFOON





Naam_____

LES #3



'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1–8

**DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES,
ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD**

'N TYD OM 'N LEWE TE NEEM EN 'N TYD OM 'N LEWE TE RED

In Prediker 3:3 leer Salomo ons dat daar selfs "'n tyd is om dood te maak en 'n tyd om 'n lewe te red." Dit klink miskien vreemd, maar die storie van Koning Dawid wys vir ons presies wat dit beteken om te weet wanneer om op te staan en te **veg vir God se eer.**

'n Tyd om 'n lewe te neem: Dawid was nog net 'n jong skaapwagter toe hy by die geveg teen die Filistyne aangekom het. Daar was 'n reus met die naam **Goliat** wat die Israeliete bang gemaak het. Maar Dawid het iets gehoor wat hom kwaad gemaak het: Goliat het die lewende God gespot! Dawid het geweet dit was die regte tyd om op te tree. Hy het nie geveg omdat hy van geweld gehou het nie, maar omdat hy God se Naam wou verdedig. Met net 'n slingervel en 'n klippie het hy Goliat verslaan. Soms is daar 'n tyd om die "reus" (die kwaad) te stop sodat God se eer behoue bly.

'n Tyd om 'n lewe te red: Dawid was nie net 'n vegter nie; hy was 'n **redder**. Deur Goliat te verslaan, het hy die lewens van die hele Israelitiese leër gered wat andersins slawe sou word. Later in sy lewe het Dawid selfs die kans gehad om sy vyand, Koning Saul, dood te maak terwyl Saul hom gejag het. Maar Dawid het gekies om Saul se **lewe te spaar** omdat hy geweet het dit was nie die tyd om wraak te neem nie. Dawid het sy dade gebruik om mense te beskerm, te versorg en vrede te bring. God het jou ook geroep om dapper te wees. Hy wil hê jy moet weet wanneer om teen die **"verkeerde" dinge te veg** en wanneer om jou hand uit te steek om iemand te **help of te red.**

IN MY BOKS

Soms voel ons te **klein** om teen die "**reuse**" in ons lewe te **veg**—soos boelies, leuens of vrees. Dawid was ook klein, maar hy het gesê:
"**Die Here red nie deur swaard of spies nie, maar die geveg behoort aan die Here!**"
Jy is nie per ongeluk vandag hier nie. God wil hê jy moet leer dat jou dade lewens kan verander. Deur net een maatjie te help wat alleen staan, red jy dalk daardie persoon se dag!



DIE LES WAT ONS MOET LEER!
Wysheid is om te weet wanneer om die "kwaad" te stop - te veg teen sonde en onreg - en wanneer om liefde te gebruik om iemand se hart gesond te maak.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS




Hoekom dink jy was Dawid so dapper toe hy Goliat gehoor het?

Wanneer is dit 'n goeie tyd om teen iets nee te sê of te baklei vir dit wat reg is?

Hoe kan ons iemand se "lewe red"? Hoe word ons gered van die ewige dood?

Wat beteken dit dat die "geveg aan die Here behoort"?



Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U my krag gee. Help my om die moed van Dawid te hê om op te staan vir wat reg is en U Naam te verdedig. Help my ook om 'n sagter hart te hê om ander te help en lewens te red met my dade. Ek glo dat U my gekies het vir 'n tyd soos hierdie. Amen."

EK IS `N VEGTER VIR DIE REGTE DINGE!

AKTIWITEIT

Maak jou eie slingervel!

Benodig: Plastiek koppie, balon, watte of malva lekkers




ONTHOU VERS

1 SAMUEL 17:47"DIT IS NIE DEUR SWAARD OF SPIES DAT DIE HERE RED NIE, WANT DIE GEVEG BEHOORT AAN DIE HERE."

BYBEL BYT

Dawid het vyf gladde klippies in die spruit opgetel voordat hy Goliat gaan veg het, maar hy het net een klippie nodig gehad omdat God saam met hom was! Dit wys ons dat as ons die regte ding op die regte tyd doen, God die res doen.
Het jy geweet dat Goliat 4 familielede gehad het wat ook reuse was?



Woordsoek



K R Z T K T T N S B Q Q C O

A E Y B D W C L O G O P M H

J K T R Q N I L B B Q V I Y

B E K W U T J N E M U Y O Q

O Y D A W I D Y I W S V H X

Y D E L F H P C U G E R C N

I H I W I E Q K Y U M E D X

G P B R Y K S O I N B U O J

Q T A E E H X P R T V S O E

G O H I E L K W Z S H F D P

Q X I R Q D W K T A W B N P

N H Q V D I Y A K S D N A I

W A H Y I L I Y E Y Z M D L

V T I I I L E U T R G Q G K

D E L R O M P O S D L M P B

T F G G V T Q C W B H J S W

GOLIAT
KLIPPE
TYD
VEG
REUS
DOOD
LEWE
DAWID

Dawid en Goliat





Vind die 13 verskille

Naam_____

LES #4

'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1–8





**DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES,
ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD**

**4'N TYD OM TE HUIL EN 'N TYD OM TE LAG.
'N TYD OM TE TREUR EN 'N TYD OM VAN VREUGDE TE DANS**

In **Prediker 3:4** leer **Salomo** ons dat die lewe seisoene van hartseer en seisoene van groot blydskap het. Die verhaal van **Miriam** en die **uittog uit Egipte** wys vir ons hoe **God** ons trane kan verander in 'n loflied.

'n Tyd om te huil en te treur:

Vir **400 jaar** lank was die **Israeliete slawe in Egipte**. Dit was 'n baie lang "tyd om te huil". Hulle moes bitter hard werk in die warm son, en die **Egiptenare** was baie lelik met hulle. Hulle harte was stukkend en hulle het dag en nag na **God geroep vir hulp.** Soms voel dit of hartseer nooit gaan ophou nie, maar God het elke traan gesien en hulle noodkrete gehoor.

- 'n Tyd om te lag en te dans: **God** het vir **Moses en Miriam** gestuur om die volk te **help**. Toe hulle by die **Rooi See** kom, was hulle vasgekeer, maar **God het die water oopgekloof**! Nadat hulle veilig deur die see is en hulle vyande oorwin is, het die **"tyd om te huil"** skielik verander in 'n **"tyd om te dans"**. **Miriam, Moses se suster**, het 'n **tamboeryn** gevat en begin **sing en dans**. Al die ander vroue het by haar aangesluit. Hulle het gelag en gejubel omdat God hulle **vrygemaak** het.

God het jou ook geroep om Hom te vertrou. Hy wil hê jy moet weet dat Hy by jou is in die moeilike tye, maar dat Hy ook die Een is wat vir jou 'n rede gee om weer van **vreugde te dans**!

IN MY BOKS

Soms voel ons vasgekeer, net soos die Israeliete voor die Rooi See. Miskien is jy hartseer oor iets wat by die skool gebeur het, of voel jy bang vir die toekoms. Maar onthou: God is jou Verlosser. Hy hoor as jy huil, en Hy is reeds besig met 'n plan om die "see" voor jou oop te maak. Jy hoef nie vir altyd in die "huil-tyd" te bly nie. God se liefde gee vir ons 'n nuwe lied in ons hart, selfs wanneer dinge moeilik lyk.

DIE LES WAT ONS MOET LEER!
Wysheid is om te weet dat God getrou is. Hy verlos ons uit moeilike situasies, en dit lei altyd tot opregte lofprysing en vreugde.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Is dit reg om te huil as dinge moeilik is? Hoe weet ons God hoor ons?

Hoe dink jy het die Israeliete gevoel toe hulle voor die see vasgekeer was en die Egiptenare agter hulle aangekom het?

Wat is iets wat God vir jou gedoen het wat jou laat "dans" van blydskap?

Hoe kan ons vir God dankie sê wanneer Hy ons help?

Bevestiging!


"Liewe Here, dankie dat U my trane sien wanneer ek huil. Dankie dat U altyd luister as ek na U roep. Help my om op U te vertrou wanneer ek in 'n moeilike tyd is, en vul my hart met soveel vreugde dat ek nie anders kan as om vir U te sing en te dans nie. U is my groot Verlosser!
Amen."

EK VIND MY VREUGDE IN DIE HERE!

AKTIWITEIT

Maak jou eie tamboryn!

Benodig:
Papierbord
Krale
Krambinder
Lint



ONTHOU VERS

PREDIKER 3:4
"DAAR IS 'N TYD OM TE HUIL EN 'N TYD OM TE LAG: 'N TYD OM TE TREUR EN 'N TYD OM VAN VREUGDE TE DANS."

BYBEL BYT

Het jy geweet dat Miriam die heel eerste vrou in die Bybel was wat 'n profetes genoem is?
Sy is ook bekend as die eerste "worshipleader" in die kerk!
Sy was ook Moses se ouer suster wat hom in die mandjie in die Nylrivier dopgehou het toe hy nog 'n baba was!



VRYHEID

LEI DIE ISRAELIETE DEUR DIE ROOISEE NA VRYHEID

VIND DIE WOODE



V	E	M	I	R	I	A	M	A	F	H	R	C	T
A	E	T	S	V	X	P	Y	H	W	T	L	C	U
L	N	R	E	N	Y	R	E	O	B	M	A	T	Q
H	E	N	T	I	F	H	V	T	O	U	Q	Q	R
J	G	R	G	R	L	X	M	J	G	R	L	C	V
J	I	F	J	M	O	E	L	D	F	X	R	L	R
O	P	I	P	M	E	U	A	M	B	O	J	P	E
Y	T	T	K	D	A	W		R	O	Q	M	E	U
Q	E	H	F	A	C	M	N	I	S	D	L	O	G
F	R	Q	W	N	O	X		P	O	I	O	R	D
V	J	B	Q	S	I	S	M	G	Q	C	G	E	E
I	W	K	E	D	E	U	T	R	E	U	R	G	Y
L	M	S	V	E	Z	D	S	V	G	H	I	T	J
B	Q	Y	N	H	Q	R	E	B	O	V	Y	C	A



VREUGDE
ISRAELIETE
TAMBOERYN
ROOI SEE
VERTROU
GEROEP
EGIPTE
MIRIAM
MOSES
TREUR
DANS
GOD

Naam_____

LES #5

'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1-8

DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES, ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD



Nehemia bou die muur

"'N TYD OM AF TE BREEK EN 'N TYD OM OP TE BOU." PREDIKER 3:3

In Prediker 3:3 leer Salomo ons dat daar tye is wanneer dinge moet verander. Soms moet ou, stukkende dinge **"afgebreek"** word sodat iets nuuts en sterks "opgebou" kan word. Die verhaal van Nehemia wys vir ons hoe God ons help om te bou, selfs wanneer dit moeilik lyk.

'n Tyd om af te breek: Nehemia was die skinker van die koning in 'n ver land. Toe hy hoor dat die mure van sy tuisstad, Jerusalem, plat lê en die poorte verbrand is, was hy baie hartseer. Die mure was stukkend en "afgebreek." Sonder mure was die mense nie veilig nie. Nehemia het nie net gaan sit en huil nie; hy het eers tot God gebid en gevra vir 'n plan. Soms laat God toe dat dinge in ons lewens "afgebreek" voel – soos slegte gewoontes of dinge wat ons van Hom weghou – sodat Hy ons kan help om iets beter te bou.

'n Tyd om op te bou: Die koning het **Nehemia** toegelaat om terug te gaan Jerusalem toe. Nehemia het vir die mense gesê: **"Kom ons bou die muur van Jerusalem op!"** Almal het saamgewerk. Selfs toe vyande vir hulle gelag het en hulle wou stop, het Nehemia gesê: **"Die God van die hemel sal ons laat slaag."** Hulle het met 'n troffel in die een hand en 'n swaard in die ander hand gebou! In net **52 dae** was die muur klaar. God het hulle krag gegee om iets pragtig en sterk op te bou uit die puin.

God wil jou ook help om te bou. Hy wil hê jy moet goeie dinge in jou lewe opbou: vriendskappe, geloof en 'n goeie karakter. As iets in jou lewe stukkend voel, onthou dat **God die Groot Bouer** is wat jou help om weer op te staan.

IN MY BOKS

Soms voel dit of alles rondom ons uitmekaar val. Miskien het jy 'n vriend verloor, of jy sukkel met iets by die skool wat jou laat voel of jy "stukkend" is. Maar onthou: Nehemia het nie by die stukkende mure bly sit nie. Hy het begin bou! God is by jou wanneer jy kies om weer te probeer. Hy gee vir ons die "boustene" van Sy liefde en krag om elke dag sterker te word.



DIE LES WAT ONS MOET LEER!

Wysheid is om te weet dat God ons help om te herstel. Hy neem dit wat afgebreek is en bou dit op tot iets wat Hom eer. Saam met God is niks onmoontlik om reg te maak nie.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

Nehemia het eers gebid voordat hy begin bou het. Waarom dink jy is dit belangrik om eers met God te praat voor ons iets moeilik aanpak?

Die vyande het vir Nehemia gelag. Wat kan jy doen as mense sê jy kan nie iets regkry nie?

Is daar iets in jou lewe (soos 'n slegte gewoonte of 'n kwaai hart) wat "afgebreek" moet word sodat jy iets goed kan "opbou"?

Hoe kan ons ander mense help om "op te bou" met ons woorde?

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U my help om te bou. Wanneer dinge in my lewe stukkend voel of afgebreek is, bid ek dat U my sal wys hoe om weer te begin. Help my om met my woorde en dade ander mense op te bou en nie af te breek nie. U is my Rots en my Boumeester. Amen."

EK BOU MY LEWE OP DIE ROTTS, JESUS!

AKTIWITEIT

Bou saam aan 'n muur!

Benodig: Verskillende kleure uitgeknipte vorms, gom en karton



ONTHOU VERS


PREDIKER 3:3
"DAAR IS 'N TYD OM AF TE BREEK EN 'N TYD OM OP TE BOU."




BYBEL BYT


Het jy geweet dat Nehemia se naam beteken "Die Here vertroos"? Hoewel hy 'n belangrike werk by die koning gehad het, was sy hart by sy mense. Hy was nie 'n bouer van beroep nie, maar omdat hy op God vertrou het, kon hy 'n hele stad se mure regmaak! Dit wys dat God enige iemand kan gebruik wat bereid is om te werk.

Vind die 12 verskille





Vind die pad van die begin van Jerusalem se muur
tot by die einde van Jerusalem se muur



Naam_____

LES #6

'N TYD VIR ALLES

Prediker 3:1-8

DAAR IS 'N VASTE TYD VIR ALLES, ELKE DING ONDER DIE SON HET SY TYD

Tyd om te plant en tyd om uit te trek

PREDIKER 3:2

"DAAR IS 'N TYD OM TE PLANT EN 'N TYD OM UIT TE TREK WAT GEPLANT IS."

Die Here van die Oes

In Prediker 3:2 leer Salomo ons dat daar 'n tyd is om te plant en 'n tyd om uit te trek wat geplant is. Net soos 'n boer weet wanneer die grond reg is vir saad, weet God presies wanneer dit tyd is om nuwe dinge in ons harte te plant. Maar om iets nuuts te laat groei, moet ons soms die "onkruid" (slegte gewoontes of verkeerde gedagtes) uittrek.

Jesus het die gelykkenis van die Saaier vertel om ons te help verstaan hoe ons harte soos verskillende soorte grond kan wees:

1. **Die Harde Pad**: Sommige mense se harte is hard, en die saad (God se Woord) kan nie eers begin groei nie. Die voëls kom pik dit dadelik op.
2. **Die Klipbank:** Hierdie saad groei vinnig, maar omdat daar nie diep wortels is nie, gaan dit dood sodra die son warm bak. Dit is mense wat vinnig opgewonde raak oor God, maar opgee wanneer dinge moeilik word.
3. **Die Onkruid:** Hierdie saad word verstik deur doringstruike. Dit is soos bekommernisse of om te veel van geld te hou – dit laat nie plek vir God om te groei nie.
4. **Die Goeie Grond:** Dit is die hart wat luister, verstaan en doen wat God vra. Hierdie hart produseer 'n reuse oes!

God is die Groot Boer. Hy plant Sy liefde, geduld en vreugde in ons, maar Hy vra vir ons om te help om die onkruid uit te trek sodat ons harte "goeie grond" kan bly.

IN MY BOKS

Miskien voel dit vandag of niks in jou lewe "groei" nie. Onthou, plante groei nie oornag nie! Dit verg geduld en die regte sorg. Net soos Nehemia die muur klip vir klip gebou het, plant God Sy karakter in jou, bietjie vir bietjie. Hy gee vir ons die "water" van Sy Woord en die "sonlig" van Sy teenwoordigheid om ons te help om sterk wortels te skiet.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

Watter soort "grond" dink jy is jou hart vandag? Is dit sag en reg vir God se saad, of is daar dalk 'n paar "klippe" in die pad?

Wat is die "onkruid" in jou lewe wat jy dink God vandag wil uittrek? (Miskien 'n slegte houding of woede?)

Hoe kan ons seker maak ons wortels is diep genoeg sodat ons nie "verlep" as dinge moeilik gaan nie?

Hoekom is dit belangrik om geduldig te wees terwyl ons wag dat God se planne in ons lewens groei?

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U die Saaier is wat goeie saad in my hart saai. Help my om die onkruid van bekommernis en slegte gewoontes uit te trek. Maak my hart sag sodat U Woord diep wortels kan skiet. Dankie dat U geduldig is met my terwyl ek groei. Amen.

"EK IS GOEIE GROND, EN EK LAAT GOD SE WOORD IN MY GROEI!"

AKTIWITEIT

Sny en plak jou eie Kubus



ONTHOU VERS

PREDIKER 3:2
"DAAR IS 'N TYD OM TE PLANT EN 'N TYD OM UIT TE TREK WAT GEPLANT IS."


BYBEL BYT


Het jy geweet dat 'n enkele koringkorrel wat in goeie grond val, tot honderd nuwe korrels kan produseer? God kan een klein daad van gehoorsaamheid in jou lewe neem en dit laat groei tot iets wat duisende ander mense kan seën! Jy is nooit te klein om 'n groot oes vir God te hê nie.

Tel hoeveel is daar van elk



Omkring en vind die regte patroon







PREDIKER 3:2
"DAAR IS 'N TYD OM TE PLANT EN 'N TYD OM UIT TE TREK WAT GEPLANT IS."



LUKAS 8:15
Maar wanneer die saad in vrugbare grond val, is dit soos wanneer mense die boodskap hoor en hulle glo dit met hulle hele hart. Hulle onthou die boodskap en hulle is soos plante wat altyd goeie vrugte dra."







moreleta
kerk